Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 11/2024

02 Augustus 2024

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

*'n Leefstyl*

***Deuteronomium 6:7: "en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan"***

*Elke tweede Woensdag kom ons hele span onderwysers bymekaar om na te dink oor Bybelse opvoedingsbeginsels. Ons leer rondom die Woord en bymekaar. In hierdie personeelsamesprekings leer ons oor onderwerpe soos Christelike wetenskap, Christelike opvoedkunde en dink ons ook na oor die kenmerke van 'n Gereformeerde skool.*

*Gister het ons veral gesels oor die rol van die onderwyser, ouer, gemeenskap en owerhede in 'n Gereformeerde skool.*

*Deuteronium 6:6 en 7 is 'n bekende teksgedeelte wat gemik is op ouers, maar dit is net so 'n belangrike instruksie vir die onderwysers. Ons moet hierdie kinders, wat die Here se kinders is, deeglik in die Woord van God onderrig. Hierdie taak moet ons deurentyd, sonder ophou, met herhaling, sonder om moeg te raak, doen. Ons maak nooit hiermee klaar nie, dit is 'n aanhoudende proses. Dit is eintlik 'n leefstyl.*

*Sommige opvoedkundiges beweer opvoeding vind plaas as daar met kinders gepraat word, baie keer met 'n verhewe stem. Tog is opvoeding veel meer as dit. Dit is 'n hele proses, wat insluit die kom en gaan, gesprek en stilte, veroordeling en aanmoediging, reaksie en weiering. Hierdie teksvers leer ons om die Here se woorde aan die gewone maar ook die ongewone te koppel. Dit leer ons ook om dit orals en altyd te doen. Dit is 'n leefstyl.*

*Die nakoming van ons doopbelofte vind nie net plaas as ons hulle kerk toe neem, sorg dat hul katkisasie bywoon en aflaai by 'n Gereformeerde skool nie. Dit is belangrik, maar hulle kyk ook na ons volwassenes se dade, dit wat ons doen en wie ons is. Kinders en jongmense is sensitief vir opregtheid en integriteit. Ons onderrig baie meer deur wie ons is, as wat ons sê. Ons onderrig met ons leefstyl.*

*Ons het die Woord van God, wat die bron vir ons gedagtes en dade moet wees. Die kinders volg ouers se daaglikse kom en gaan, hulle luister na ons woorde, en is ingestel op wat ons uitstraal, hoe ons in moeilike situasies reageer en hoe ons argumenteer. Ons leefstyl moet hulle lei na die Here.*

*Dit is opvallend dat hedendaagse opvoedkundiges wat navorsing doen oor morele ontwikkeling, hierdie gedeelte uit Deuteronomium uit, beaam. Ouers en onderwysers moet as morele voorbeelde vir kinders dien. Dit is belangrik om aan die kinders te verduidelik dat ons gedrag geskoei is op die Woord van God en dat dit ons leefstyl rig. 'n Kind wat een soort leefstyl by die skool leer en 'n ander by die huis sien, word verwar en dreig om in 'n geloofskrisis te kom. So 'n kind twyfel oor die waarheid en beleef uiteindelik 'n krisis rondom sy identiteit in Christus.*

*Ons verantwoordelikheid is groot! Ons leefstyl is belangrik.*

***Vriendelike groete***

Saskia Meijer

## Beplanner

- **2 Aug:** L/S Landloopliga 4 by Witpoort
- **2 Aug:** L/S Seniorhokkie Seuns vs Magaliesklub (Overkruin H/S)
- **3 Aus:** Mini-hokkie teen Monumentpark (Die Krans)
- **3 Aug:** H/S Jukskei-Driespel
- **6 Aug:** L/S Seniorhokkie Dogters vs Akasia (Tuis)
- **10 Aug:** H/S Speedbeez Fast-5 Netbal te H/S Montana
- **15 Aug:** L/S Seniorhokkie Dogters vs Mayville (Weg)





# Sport

## Hoërskool

**Sagtebal:**
2 Augustus teen Silverton
6 Augustus teen FH Odendaal
23 Augustus teen AHMP C (tuis)
30 Augustus teen Amberfield
10 September teen Uitsig (tuis)

**Netbal:**
10 Augustus - Fast Five te Montana

**Jukskei:**
3 Augustus - Driespel
17 Augstus - Skoleliga
24 Augustus - Skoleliga
31 Augustus - Skoleliga

**Fietsry:**
17 Augustus - John Vorster
31 Augustus - St Stithians
21-22 September - Nasionale Finaal

**Gholf:**
16 Augustus - Mooipoort
9 September - Mooipoort

**Let wel: datums is onderhewig aan verandering**

## Laerskool

**Landloop:**
2 Augustus - Liga 4 by Witpoort
**Oefening**
Dinsdae en Donderdae 16:15 tot 17:00
(Almal welkom, al hardloop jy nie liga nie)

**Hokkie:**
**Mini-Hokkie**
3 Augustus - Monumentpark/Die Krans
17 Augustus - Mt Edmund
24 Augustus - Louis Leipoldt
31 Augustus - Danie Malan
14 September - Dirkie Hokkiedag (Tuis)

**Senior Hokkie 0/9 tot 13**
2 Augustus - Seuns vs Magaliesklub (Overkruin HS)
6 Augustus - Dogters vs Akasia (Tuis)
15 Augustus - Dogters vs Mayville (Weg)
26 Augustus - Almal vs Louis Leipoldt (Tuis)
14 September - Dirkie Hokkiedag (Tuis)

**Hokkie-oefening**
Dinsdae en Donderdae
Mini-hokkie: 13:00 - 13:45
Seniors: 13:45 tot 14:45


KOM WORD DEEL VAN 'N SKOOL WAAR GELOOF EN AKADEMIESE UITNEMENDHEID ONTMOET
Ons skool is gegrond op gereformeerde Christelike waardes. Ons opvoedingsbenadering is deur die Bybel geïnspireer en ons leerders word aangemoedig om 'n lewenslange verbondsverhouding met God te ontwikkel.
Neem kennis: Aansoeke vir 2025 sluit: 30 Augustus 2024
Graad R - 12
SPORT - KULTUUR - AKADEMIE - BYBELGEÏNTEGREERDE KURRIKULUM
GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA
+27(0) 12 332 3222
gsdp@gsdp.co.za
www.gsdp.co.za
CUNNINGHAMLAAN 1182, WAVERLEY, 0186


KASKARRESIES
16 Augustus 2024
HOU DIE SPASIE DOP
MEER INLIGTING VOLG BINNEKORT.

## Konsert

Verlede week was hier ‘n gees van afwagting en opgewondenheid, want die konsert waaraan almal so hard geoefen het, was voor die deur. ‘n Week later kan ons terugkyk na ‘n baie geslaagde konsert. Ons is dankbaar dat die Here ook hierdie geleentheid geseën het! Weereens baie dankie aan elkeen wat, klein of groot, ‘n bydrae gelewer het. Langs hierdie weg wil ek ook graag vir Louis en Elsje Linde bedank vir die pragtige proteas wat elke juffrou ontvang het, asook die mooi groepfoto’s wat geneem is. Dankie vir hierdie mooi geskenk uit julle harte uit. Mag almal sommer nog lank geniet van die mooi herinneringe aan hierdie musikale reis.









**Psalms van die week:**

Die hoërskool oefen elke week Psalms. Ons wil vra dat u asseblief saam met u kinders die Psalms oefen. So leer ons weer die ryk skat van die Psalms ken. Vra gerus u kind watter Psalm hul elke week oefen.

**Toetsreeks:**

Ons herinner u dat die toetsreeks DV **5 Augustus** begin. Die toetsrooster is in die vorige INFO gepubliseer.

## Bybelvasvra:

Ons oefen elke week (Maandae of Donderdae) hard vir die Bybelvasvra. DV 19 Augustus gaan vier hoërskoolspanne deelneem aan die Rapportryers se jaarlikse Bybelvasvra. Hierdie jaar handel dit oor Rut, Lukas en Kolossense. Ons sien baie uit en leer in die proses ook baie van die Bybel.



**Gunsteling storiekarakters deur die eeue!**

Saam met ons **kultuuraand** op Taaldag, **15 September** nooi ons al die hoërskoolleerlinge uit om temadrag aan te trek. Ons tema is gunsteling **storieboekkarakters** deur die eeue. Trek Donderdag jou kostuum bo-oor jou skoolklere aan en neem pouse deel aan die modeparade. Die onderwysers gaan hulle gunsteling leesboeke kom uitstal. Dit gaan interessant wees om te sien wat elkeen lees.



# Hoërskool

## Kom geniet 'n Dirkie-kunstefees

Op **Donderdag, 15 Augustus** gaan ons 'n bietjie kyk na die verskuilde talente wat by die Hoërskool gevind kan word!

Waarna kan jy uitsien?

- Die jaarlikse **kunsuitstalling** van ons Graad 10 tot 12-kunsleerlinge
- "Maak die mooigoed eenkant staan" – Ons **toneelgroep** se debuutoptrede
- 'n **Dans-item** waarmee die Graad 8's ons gaan verras
- 'n **Sang-item** met begeleiding
- **Musiek** met kitaar en dromme
- Selfs 'n **orreluitvoering** – letterlik uit die boonste rakke!



## ONS GEE OM

**Dirkies help ꞌn ander** is ꞌn omgee-projek van die hoërskool. Ons wil graag ꞌn verskil maak in die lewe van mense wat in nood verkeer. Die media berig gereeld dat meer as ꞌn kwart van die land se mense daagliks onder die broodlyn, m.a.w. in ꞌn status van armoede, leef. In ons omgewing sien ons ook daagliks werkloses en bedelaars rondstaan.

In elke graadgroep se klas is ꞌn krat geplaas. Leerlinge bring dan dwarsdeur die maand nie-bederfbare produkte skool toe. As die krat vol is, word dit verpak en aan behoeftige persone in ons skoolgemeenskap uitgedeel.

Kom Dirkies, kom ons help ons naaste, want elkeen van ons het soveel stof tot dankbaarheid. Gee soos wat jy kan, want God het ꞌn blymoedige gewer lief!

# Hartlik welkom

**Terreinopsigter/faktotum**

**Mnr. Marco Hordijk,** ‘n bekende in ons skoolgemeenskap, sluit vanaf 1 Augustus by ons aan. Hy gaan in hierdie pos tot aan die einde van die jaar waarneem, waarna ons in Januarie 2025 die pos permanent gaan vul. Marco, ons is dankbaar dat jy ook die gawes waarmee die Here jou geseën het hier wil aanwend, mag dit ook vir jou ‘n geseënde tyd wees.



**Sekretaresse: Laerskool**

**Mev. Lienkie Vallentgoed,** ook ‘n bekende in ons skoolgemeenskap, sluit vanaf 5 Augustus by ons aan. Lienkie, ons is dankbaar dat jy hierdie belangrike pos gaan vul, ons weet jy gaan sommer gou hier tuis voel. Ons is dankbaar dat jy die mooi gawes wat die Here aan jou gegee het ook in diens van die skool stel.



# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120


**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

**GSDP-SKOOLFONDS**

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning




### Blits

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

